*Raadpleeg*
**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
**Mansuitrusters**
*as u 'n*
**RAKET**
*wil KOOP of laat*
*HERSNAAR*

DIE
# Matie
STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DONDERDAG, 10 DESEMBER 1942. PRYS 1d.

*SPESIALE UITGAWE.*

# Groot Landsdienskamp Loop Pragtig Af

## MODELKAMP IN WEMMERSHOEK

### „Bodemliefde en Landsdiens; Nasieliefde, Nasie-Diens!"

(Deur ons Spesiale Verteenwoordiger.)

Die Tweede Landsdienskamp van die plaaslike Studentefront — die eerste groot onderneming van die aard, waaraan altesaam ongeveer 90 lede van die A.N.S. en studente-O.B. van Stellenbosch deelgeneem het — het in wye kringe heelwat opspraak verwek. Met hierdie grootse daad het die Studentefront 'n jaar van uitstaande werk tot sy hoogtepunt gevoer.

Almal is goed bekend met die idee van arbeids- en landsdiens. 'n Mens hoef net weer te sê dat hierdie idee in die pas afgelope kamp weer kragtig tevoorskyn getree het as een van die suiwerste uitings van die volksbewegingsgedagte: die egte brandwaggees, en die liefde vir die eie vaderlandsbodem.

Dit is wat elke besoeker by die jongste kamp dadelik getref het. Nie vir eie voordeel nie (geen kamper het 'n pennie uit die arbeid vir homself gemaak nie), maar slegs uit liefde vir die saak het die klomp studente-arbeiders vir meer as veertien dae van soggends om 6.30 tot saands om 6-uur geesdriftig gewerk op die plaas van Prof. Reinecke in die skilderagtige Wemmershoekse berge.

* * * * *

Op die môre van 19 Nov. het die groot getal kampers met vragmotors van Coetzenburg vertrek. Al singende het die reis gegaan tot by die Oude Molen in Wemmershoek; vandaar te voet, netjies in gelid langs 'n kronkelende sandpad en op die maat van trompet en tamboer, vir ses myl tot diep agter in die pragtige vallei aan die voet van Wemmershoek-Tafelberg. Binne enkele ure het die Tweede Landsdienskamp hier in 'n mooi eikebos vorm gekry. Dieselfde middag al is 'n begin gemaak met die arbeid op die plaas.

* * * * *

As mens werk vir 'n IDEE dan werk jy met vreugde. Hier die kamp is ook gekenmerk deur arbeidsvreugde en geesdrif in werk, sang en ontspanning. Op die eerste dag kon die hele kamp die inspirasie ondervind van 'n persoonlike boodskap van die Erepresident en Komdt.-Genl. Dr. Hans van Rensburg: „A.N.S. se landsdiens is in al sy eenvoud 'n daad. As sulks weeg dit op teen talle van toesprake. Ek wens julle alle sukses toe.'

### 'n Kykie op die Kamp

#### Die Terrein.

As 'n mens die kampterrein nader, dan gaan jy eers tussen twee hoë vlagpale deur waaraan Vierkleure trots wapper. Onmiddellik agter die vlagpale is 'n netjies eiegemaakte houtbrug (die „Brug na die Derde Republiek", soos iemand dit genoem het!) wat onderdeur 'n boog met die kampleuse daarop lei na die amptelike ingang tot die kamp—'n met wit klippe afgemerkte pad wat op die paradegrond voor die Hoofkwartierstent uitloop. Hier voor die Hoofkwartier waai die amptelike kampvlag. Mens merk ook dadelik op dat elke kamper wat die H.K.-tent binnegaan, eers netjies salueer uit respek vir die Hoofkwartier. Jy draai om, en voor jou, beheer deur die H.K.-tent, lê die hele kamp: regs, die dameskamp, waarbinne g'n man sy voet sit nie; links, die sentrale vergaderplek onder 'n mooi eikeboom, en verder links die manskamp; in die middel is die goedingerigte veldkombuis geleë. 'n Entjie verwyderd van die H.K.-tent staan die tent van die Kampvader en -moeder.

Al die tente staan netjies opgeslaan, en die hele kamp, uitgelê met wit klippe, lyk baie ordelik.



**WEMMERSHOEK**
*'n Toneel op die plaas waar die Landsdienskamp plaasgevind het.*

#### Organisasie.

Ordelikheid en strenge dissipline is 'n kenmerk ook van die kamporganisasie, en lê ten grondslag van die gesonde gees wat daar heers.

In bevel van die kamp staan die **Kampkommandant** — W. A. Joubert. Aan hom is alle ander offisiere in die kamp verantwoordelik. In hierdie eenheidsleiding lê dan ook die waarborg vir die gladde werking van die hele kamp. Die Kampkomdt. se Adjudant, Gert van Rooyen, staan hom wakker by.

Onder hom het die Kampkommandant:—

1. 'n **Dissipline-organisasie,** met A. S. Roux aan die hoof, wat sorg vir kamporde. 'n Adjudant onder hom in bevel van die manskappe, en een vir die dameskamp; elk met drie veldkornette. Die bekwame Adjudante is Johan Eyssen en Elise Dürr.

2. Die **Arbeidsafdeling** — die belangrikste van die kamp, natuurlik—onder die bekwame **Arbeidskaptein,** Steven Joubert. Aan sy wakkere organisasie en ywer kan die groot sukses van die kamp in die eerste plek toegeskryf word. Onder hom het hy 'n **Hoofploegbaas,** Andries du Plessis, aan wie die ses ploegbase direk verantwoordelik is (die hele kamp word vir werkdoeleindes in ses ploeë ingedeel).

3. Onder die Arbeidskaptein val verder die **Voorradekaptein,** Kobus van Rooy, met sy bekwame en geesdriftige Adjudant, Jack Uys. Verder—

4. Die **Hoofkok,** Cosette Toerien, wat 'n spesiale woord van lof verdien vir die uitstekende wyse waarop sy een van die moeilikste poste op die kamp vul. Sy slaag pragtig daarin om die gesonde aptyte van die arbeiders te bevredig.

*Vervolg op bls. 3, kol. 1.*

### Wyle Generaal Hertzog

**Aangesien die laaste uitgawe van „Die Matie" reeds verskyn het voor die afsterwe van Genl. Hertzog, wil ons van hierdie laat geleentheid gebruik maak om enkele woorde van hulde te voeg by die wat reeds uitgespreek is:**

**Ons betreur die afsterwe van 'n groot Volksman.**

**Ons betreur die afsterwe van 'n persoon wat in sy laaste dae nog 'n inspirerende jeugstelling in die studerende jeug getoon het, en met sy wyse raadgewing ook vir die leiers van ons beweging veel beteken het.**

**Wat ons van ons Afrikanerskap in ons jeug geleer het, het ons grotendeels aan hom te danke;**

**Wat die Afrikanervolk in die toekoms gaan presteer sal steeds vrugte van sy toegewyde arbeid wees.**

**'n Volksvader was hy.**

**Met dankbaarheid en met agting sal ons aan hom terugdink.**

**Ons eer sy gedagtenis.**

„Jy bewonder die strenge dissipline en ordelikheid waarmee dit alles toegaan; en dink darem maar nog dis lekker speelverdryf van die jongspan totdat jy hulle die volgende dag sien werk . . . .

„As jy afskeid neem en wegry, besef jy die betekenis van die leuse:

„Bodemdiens en Landsdiens,
Nasieliefde, Nasiediens"

wat in vergulde houtletters voor die ingang van hierdie A.N.S.-landsdienskamp opgeslaan staan."

—(Boerklong in Die Landman.)

**Suikerbossie Melksalon**

•

HOOFKWARTIER
van
GESONDHEID.

•

**Ligte Etes, Melkdranke** (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.
Onder persoonlike toesig van
OOM HUGO.

*'n Goeie Slag*

Dit het ons geluk om van die Firma Slazengers (Australië) 75 Eerstegraadse Slazengers Raketrame te koop, voordat hulle hul besigheid gestaak het. Die gewone verkoopprys was 89/6, 87/6, en ons verkoop dit nou teen 72/6, 69/6, 65/-.

Ons het ook slegs 18 „Play Best" Rakette, gewone prys was [illegible] en ons verkoop dit nou teen 40/-.

Koop nou dadelik voordat hierdie Winskopies u ontduik.

GEBROEDERS DE WET (EIENS.) PBK.
*DIE PLATTELANDSE SPORTWINKEL*
STELLENBOSCH.
Bus 21. Foon 20.

„VOORSLAG"
PYNPOEIERS
*DIE VEILIGE VERBANNER VAN ALLE PYNE.*
1/6 & 2/6
Die
Voortrekker-Apteek
STELLENBOSCH

**REKREASIE KAFÉ**
Plaas u bestelling vir ingelegte vrugte—tuis gemaak. Probeer ons vars lekkers en sjokolade en kom geniet u verversings hier.
Eien.: M. E. STAMATIS.

**VICTORIA KAFÉ EN BILJART SALON**
Vrugte vir gesondheid. Lekkers na die smaak. Biljart vir die vermaak.
OU LAMPIE
Eienaar.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.
**R. W. van Rijn,**
BRILMAKER.
Kamers 501-520 Vyfde Verdieping
Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.
Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame.
Spesiale afslag vir Studente.

**R. MÜLLER**
EERSTE vir KLAVIERE, VLEUELS, ORRELS.
Alle ander soorte
MUSIEKINSTRUMENTE, MUSIEKALE BENODIGHEDE, DRAADLOOSTOESTELLE EN GEDRUKTE MUSIEK. WAPENS, AMMUNISIE, ens.



**R. MÜLLER**
(Eiens.) Bpk.
KAAPSTAD en STELLENBOSCH.

**Van der Stel Bottelstoor**
Andringastraat
STELLENBOSCH
(Foon 94.)
Wyn, Brandewyn en Bier altyd beskikbaar.
Onthou groot voorrade koeldranke altyd op hande.
N.B. — Bel Koos Tredouw
vir u volgende Partytjie.

Dames dis u plig om u hare by die
DAMES HAREVERSORGING-SALON
te laat versorg.
*U voorkoms is hoofsaak.*
U onderskeiding by ons verseker die vordering van die Afrikaanse ondernemingsgees en versorg werk vir die Afrikaner dogter.
*Ons pryse is na u smaak.*
**Dagbreek-Dames-Hareversorgingsalon**
Langmarkstraat 141,
KAAPSTAD.
(Grondvloer).
*Skakel 2-5662.*

## DIE MATIE
Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
Korrespondensie: Die Besigheidsbestuurder, Dagbreek, Stellenbosch.

10 DES. 1942.

## So Groei die A.N.S. . . .

Slegs één gedagte het die getroue A.N.S.-lid op Stellenbosch aan die begin van hierdie jaar aangegryp:— Stryd! Stryd, teen die Liberalisme wat as aartsvyand van die Afrikanerdom ook op Stellenbosch 'n aanvang wou maak met sy vernielingswerk.

Die afsluiting, feitlik, van A.N.S.-bedrywighede alhier vir 1941 was die splitsing van geledere wat aan die einde van daardie jaar plaasgevind het, toe sewe uit die nege bestuurslede en 'n groot getal van die lede self openlik as liberaliste tevoorskyn getree het met 'n weiering om te voldoen aan die vereistes van die konstitusie, en om die opdragte van die Hoofbestuur na te kom.

Die oorblywende getroues, 108 in getal, het hul klaargemaak om die saak op Stellenbosch gedurende 1942 te kom herstel, die Liberalisme finaal aan die kaak te stel en die nek in te slaan.

Die eerste helfte van die jaar is dan ook gekenmerk deur die allertaaiste verset teen die verdere aanslae van die kant van die liberaliste op A.N.S., wat gekulmineer het in 'n reuse-oorwinning vir A.N.S., na 'n poging gemaak is om sy plaaslike orgaan, „Die Matie," tot swye te dwing.

**Die krag van verantwoordelike leierskap en toegewyde leiding het te groot geblyk te wees vir die teenstanders,** wat hul moes verlaat op skinderveldtogte en misleidende aanklagtes vanaf die redenaarskissie, alles gemik, natuurlik, op die verowering van die massastem, wat soos hulle, tipiese liberaliste, gemeen het, hier weer die deurslag sou gee.

En so het dit dan gekom dat aan die einde van die eerste helfte van hierdie jaar die A.N.S. sy posisie onaantasbaar kon maak, en sy werksaamhede ongehinderd kon voortsit, terwyl die tegeparty verplig was om te swyg in die besef dat hul liberalistiese vroom-praatjies ten eenemale nie kon opweeg teen die **rotsvaste oortuiging en reële volksidealisme** van A.N.S. nie. Van A.N.S.-kant kon daar dus dadelik oorgegaan word tot die uitbouing van die kragte binne die beweging self. Elke A.N.S.-ser kon nou die aandag skenk aan die **positiewe** aspekte van sy roeping. Gedurende die Junie-reses is oneindige krag hierby gevoeg toe op die jaarlikse Uniale Kongres die inspirerende **Volksbeweginggedagte** na vore getree het.

Die gevolg was dat in teenstelling met die negatiewe houding wat in hoofsaak aanwesig was in die begin van hierdie jaar, die laaste maande daarvan 'n intense gevoel van **roeping** en 'n kragtige poging tot **diens** in die A.N.S.-bedrywighede kon aanskou.

Gewapen met hierdie meer positiewe tendense, kon A.N.S. die roeping tot volksdiens en die liefde vir die bodem, wat hul so duidelik kenbaar gemaak het onder die lede, saamsnoer in sy **landsdiensondernemings**. Eers is in Stellenbosch allerlei dienste verrig, daarna is as eksperiment 'n kamp, met ongeveer 30 persone, gereel in die distrik, en uiteindelik, na afloop van die finale eksamens, is 'n reuse-landsdienskamp, waaraan bykans 100 lede deelgeneem het, in die Wemmershoek vallei gehou, waar plaaswerk van allerlei aard verrig is.

**Só besiel met geloof in die Boerevolk; hoop op die herstel van ons volkseie en 'n innige liefde vir Suid-Afrika, het A.N.S. in die afgelope jaar van krag tot krag gegaan.**

**Vanuit die chaotiese toestand waarin sy sake ongeveer 'n jaar gelede verkeer het, het daar ongekende oplewing en ontwikkeling gekom, totdat nou die grootse boodskap van nasionale geestesverjonging ongehinderd gebring kan word, en ons die skone ideale van NASIELIEFDE en NASIEDIENS op daadkragtige wyse hul konkrete gestalte sien aanneem.**

So groei die A.N.S. . . . .

# Die Oorlog

## XXXIII. 'n Vloedgolf van Optimisme.

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

### Deur Prof. J. A. Wiid

Ongeveer vier weke gelede het 'n ware vloedgolf van Geallieerde optimisme die wêreld oorweldig. Die oorsaak van hierdie optimisme was die deurbraak van die Agste Britse leër by El Alamein en die gevolglike terugtog van Rommel, die Brits-Amerikaanse landing in Frans-Noord Afrika en die Russiese offensief. Daar is gejuig oor 'n keerpunt wat die oorlog nou eindelik sou bereik het; die Spilmagte in Noord-Afrika sou vernietig wees, die korter Middellandse seeroete sou weer diensbaar gemaak word i.p.v. die lang omweg om die Kaap en die geteisterde Geallieerde tonnemaat sou daardeur gebaat word. Die massale lugbombardement van Italië vanuit Afrika is reeds in die vooruitsig gestel en die gevolglike uitskakeling van hierdie Spilmag as oorlogvoerende is luidkeels aangekondig; 'n Brits-Amerikaanse landing in Italië en Suid-Frankryk het voor die deur gestaan. Terselfdertyd sou die Russiese offensief en veral die Russiese winter hulle deel bydra om die Spilmagte te vernietig. Die weë na Rome en Berlyn was oop vir die seëvierende strydmagte van die Geallieerdes. Die beer se vel was kant en klaar verdeel en die enigste kleinigheid wat nog oorgebly het — en dit was maar 'n nietige kleinigheid — was dat die beer nog eers gevang moes word.

#### MINDER OPTIMISME I.S. ROMMEL

Die oorlogsgebeurtenisse het egter nie volgens die plan van die optimiste ontwikkel nie en gevolglik word daar deur Amerikaanse en Britse leiers vandag weer teen wensdenkery gewaarsku. Dit is nou vir die soveelste keer dat Geallieerde gesagvoerders 'n golf van optimisme skep om onmiddellik later weer daarteen te waarsku. Vandag word daar deur hierdie leiers weer klem gelê op moeilikhede en hindernisse en nie op seëtogte en oorwinnings nie. Dit is verstandig want dit het geblyk, wat Rommel betref, dat die Spilmagte uit Egipte wel teruggedryf is maar geensins verpletter is nie. Dit het selfs tot die bewussyn van oorlogspropagandiste deurgedring dat Rommel nog oor 'n gedugte mag beskik en dat hierdie mag soos vroeër weereens in die natuurlike vesting van El Agheila kan vastrap en terugslaan en dat die uitgesproke vooruitsigte van die Agste leër om Kersfees in Tripoli te vier, miskien 'n bietjie voorbarig kan wees. Op die oomblik is dit seker dat daar by El Agheila hard geveg sal word en dat die Britte hierdie keer, net soos Rommel vóór El Alamein, oor lang en waterlose verbindingslyne die vyand in sy vesting sal moet aanval. Rommel het egter nie die sterk basis wat die Britte by El Alamein in Alexandrië gehad het nie. Die nabye toekoms sal moet bewys of die Britse vloot die Agste Leër sal kan help en of die Spilmagte sterk genoeg sal wees om die Britte die hoof te kan bied.

#### DARLAN VS. DE GAULLE

Met die Brits-Amerikaanse landing in die Franse gebied in Noord-Afrika het dit ook nie alles voor wind gegaan nie. Die Franse het weliswaar nie ernstige weerstand gebied nie en admiraal Darlan, die verteenwoordiger in Noord- Afrika van die Franse staatshoof ,het tot medewerking met i.p.v. teenstand teen die Amerikaanse landingstroepe oorgegaan. Die kuiperye van Franse generaals en admiraals met die Amerikane onder aanvoering van die vroeëre Washingtonse gesant, adm. Leahy, in Vichy, tenspyte van die wapenstilstandvoorwaardes wat die betrekkings tussen Frankryk en die Spilmagte bepaal het, is 'n onderwerp vir toekomstige geskiedskrywers. Dit is egter duidelik dat die Amerikane met Darlan 'n ooreenkoms getref het sonder dat die Britse beskermling, De Gaulle, in die saak geken is. Dit is bekend dat Darlan, en saam met hom Laval, altyd deur die Engelse uitgebyt is as die „aartsverraaiers" omdat hulle samewerking met die Spil sou voorgestaan het. Die deur Amerika erkende status van Darlan in Frans-Noord-Afrika druis origens ook in teen die Britse stelling waarvolgens De Gaulle as die hoof van die „vegtende Franse" erken word. Sal 'n versoening tussen die mededingende en onversoenlike De Gaulle en Darlan plaasvind of sal die Britte uit konsiderasie vir hulle Amerikaanse bondgenoot hulle beskermling laat val?

#### TUNISIË

Met die militêre verrigtinge van die Geallieerdes in Noord-Afrika het dit nie alles voor die wind gegaan nie. Die Geallieerdes se veldtog in Noord-Afrika sal weinig betekenis hê as die sleutelgebied Tunisië, met sy baie

*Vervolg op bls. 3, kol. 1.*

## Ons Volksbeweging

**Die volksbeweging is in die eerste plek die totale, die gehele organiese Afrikanerdom in beweging. Die begrip beweging moet nie in die meganiese sin, d.i. as resultaat van botsende kragte beskou word nie, maar in die organiese sin, d.i. as innerlike groeiproses gerig op die verwesenliking van die innerlike eieaard en bestemming van die volk. Die Afrikaanse volksbeweging beteken daarom dat die volledige innerlike uitgroeiing van die Afrikaanse volkslewe kragtig bestendig en geaktiveer word deur dit doelbewus en stelselmatig te rig op die verwesenliking van die nasionale en sosiale waardes wat in die Afrikaanse Calvinistiese lewensbeskouing en volksverlede gegee en beliggaam is.**

**Die vernaamste middel van ons volksbeweging is dan om deur 'n strawwe dissiplinerende organisasie, waarin verantwoordelike volksleiding en aktiewe volksmedewerking as 'n eenheids-gesagsverband omvat word, al die arbeidende draers van die groeikrag en skeppende krag van die Afrikanerdom te rig op die verwesenliking van die volksroeping. . . .**

**— Dr. P. J. Meyer.**

**Rook Springbok-Sigarette**

*Vervolg van bls. 1, kol. 3.*

5. Die **Programkaptein,** S. P. Botha, wat saam met sy Adj., Louis Naudé, die moeë werkers aan die einde van die dag om die kampvuur besighou.

6. 'n Volledige **Noodhulpafdeling,** wat onder die leiding van Bokkie Verster 'n belangrike behoefte voorsien en sorg dat alle beserings en kwale vroegtydig verpleeg word.

7. 'n **Joernaliste,** wat rekord hou van die kampgebeure.

8. Ten slotte, die wakkerste manne op die kamp: J. J. Wahl en Gys Steyn, die **Trompetters,** wat die ure met presiesheid aankondig.

Met hierdie omvattende organisasie word daar besonder goeie beheer uitgeoefen oor alles wat in die kamp gebeur, en loop die hele kamplewe ook netjies en ordelik af.



*Kamplede besig met skoffelwerk.*


**VERJAARSDAE**

word nou baie gesellig gevier, want alles word smaaklik voorberei in

**„Die Uitspan"**




*Bessies word in vate gegooi.*

## Ons Kampouers

Dit ly geen twyfel nie dat die kamp 'n groot deel van sy sukses te danke het aan die persone wat as kampouers opgetree het. Die eerste naweek was dit sy voorreg om Mej. Greta Bremer as Kampmoeder te ontvang—sy het ten minste net so hard as enige kamper gewerk. Dieselfde geld vir die ander twee ou kamp-bekendes, Dr. en Mev. P. de Vos, wat vir die res van die kamp as Kampvader en -moeder opgetree het. Hul teenwoordigheid was vir die kamp steeds 'n inspirasie.

**In die pasverskene nommer van *Die Student* is daar 20 advertensies, 6 artikels, 4 stukke van die fantasie, 2 gedigte, 302 drukfoute, 29 anglisismes, 12 keer die woord „squeal", 1 raadgewing van *Simon*, 12 hotblots, 11 stanzas van *Blimp* en 1 inleidingsartikel.**


*APTEKERS*

**Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.**

**Maak gebruik van ons Vlugge Fotografiese Posdiens.**

**JOERNING EN SEUN**
**(Eiens.) Bpk.**
**Hoek Bird- en Pleinstraat,**
**STELLENBOSCH.**

*Ondersteun Die Matie*


## DIE OORLOG

*Vervolg van bls. 2, kol. 4.*

belangrike hawens, waaronder veral Bizerte in aanmerking kom, nie deur hulle beset word nie. Die strategiese waarde van Tunisië selfs in die dae van die ou Romeine het in Karthago binne die gebied van die teenswoordige Tunisië hulle hoofsetel gehad. Na vier weke is die Tunisiese hawens nog nie deur die Geallieerdes beset nie. Die element van verrassing wat by die besetting van strategiese plekke so belangrik kan wees, is dus hier uitgeskakel. Nie die Geallieerdes nie maar die Spilmagte is vandag in besit van die Tunisiese hawens sowel as van Korsika en die suidelike kus van Frankryk met sy belangrike hawens van Toulon en Marseilles. Niemand sal dus kan ontken dat die Spilmagte hulle strategiese posisie in die Middellandse see deur hierdie besettings baie versterk het nie. Die suidelike kus van Frankryk is nie alleen teen 'n Brits-Amerikaanse landing gesluit nie maar 'n ander onberekenbare faktor, die Franse Vloot, is onskadelik gemaak en dit nogal deur die Franse self. Die metropolitaanse Frankryk is vandag as 'n ernstige militêre faktor uitgeskakel en die nog nie twee miljoen Franse in die Franse kolonies is in twee kampe verdeeld.

'n Ander faktor wat die aandag verdien is die verbindingslyne tussen die oorlogvoerende lande en die oorlogsgebied in Noord-Afrika. Waar die Geallieerdes hulle manskappe en oorlogstuig oor 'n afstand van ongeveer 3,000 myl moet aanvoer daar sal dit vir die Spil maar slegs 'n paar honderd myl wees, d.w.s. dertig Geallieerde skepe sal ongeveer dieselfde werk kan lewer as twee Spilskepe. Strategies gesien het die Spilmagte dus baie voordele en daar sal baie hard geveg moet word voor die Geallieerdes hierdie nadele sal kan verwyder.

Die Geallieerde oorlogvoering in Noord-Afrika sal ook belemmer word deur die moontlikheid dat Spanje op 'n gegewe moment oorlogvoerend kan word. Spanje is nou eenmaal 'n potensiële vyand van die Geallieerdes en hiermee moet rekening gehou word. As Spanje oorlogvoerend word dan is dit glad nie onmoontlik dat die Straat van Gibraltar gesluit kan word nie en dat Brits-Amerikaanse strydmagte in Frans-Noord-Afrika in die gedrang kan kom nie.

### DIE RUSSIESE FRONT

Wat die Russiese front betref ,is dit duidelik dat die Rooi leërs aanvallend optree en plaaslike terreinwinste behaal het. Die oorlogsberigte uit Moskou is optimisties maar die ondervinding sedert Junie 1941 het geleer dat berigte uit Rusland erg onbetroubaar kan wees. Wie onthou b.v. nie nog die groot Russiese oorwinnings van verlede winter nie? Dit is genoeg om name soos Staraya Russa, Smolensk en Karkof weer in herinnering te roep. As die Russiese oorlogsberiggewing en veral die kanale waardeur hierdie berigte ons bereik, nie veel vertroue inboesem nie dan wil dit nie sê dat die Russe nie uitstekend veg nie. Van al die vyande van die Spilmagte is dit Rusland wie se weerstand vriend en vyand verras het en nog verras. Dit is egter sterk te betwyfel of 'n beslissende veldtog gedurende die Russiese winter deur die een of ander kant gevoer kan word.

### DIE VERRE OOSTE

Dit is nou net 'n jaar gelede dat die Japanners hulle aanval op Pearl Harbour gemaak het. Na 'n jaar van stilswye of misleidende gegewens het die Amerikaanse vlootdepartement nou eindelik die pynlike verliese by Pearl Harbour ontsluier. Dit blyk nou dat die Japanse aansprake van 'n jaar gelede glad nie so buitensporig was as die Amerikaanse toegewings van destyds. 'n Mens is geneig, as gevolg van die Amerikaanse toegewings i.s. Pearl Harbour, om Washingtonse gegewens oor die ander seeslae in die Stille Oseaan ook nou in twyfel te trek. Die sukkel-sukkel oorlog in Nu-Guinee en in Guadacalnar verlei 'n mens daartoe om te glo dat Uucle Sam se vloot in hierdie oorlog al gevoelige terugslae gely het. Anders kan 'n mens die langsame Amerikaanse vordering op die eilande van Gaudacalnar nie verklaar nie. As die terugverowering van gebiede wat deur die Japanners beset is met hierdie tempo voortgaan dan sal hierdie en die volgende geslag die vrede in die Verre Ooste nie sien nie.




● Vanaf Kaapland, tot ver in die Noorde, tot anderkant die Vaal, is hierdie Fakkel gedra deur duisende jong hande.

Deur storm en wind, deur reën en hetige son — van hand tot hand aangegee — soos dit ook aangegee sal word van geslag tot geslag.

So sal ook alle Afrikanerprodukte van hand tot hand — van man tot man aangegee word in hul Vaderland — Omdat hulle gemaak is deur Afrikanerhande — en Omdat 'n Man gemeet word aan sy dade en nie aan sy woorde alleen nie.

● Geplaas in belang van die huidige en komende Afrikaanse Nywerhede deur die Fabrikante van „PATRIOT."

**Patriot**

VOORBRAND TABAKMAATSKAPPY (EDMS) BEPERK.
Kommissarisstraat 200, JOHANNESBURG.



# Rook Springbok-Sigarette

# ASPEKTE VAN DIE LANDSDIENS-KAMP

## Werk, Arbeidsvreugde en Dissipline

**Dit is onmoontlik om hier 'n volledige indruk te gee van alles wat die jongste landsdienskamp so 'n uitstaande onderneming gemaak het. Alles was beslis nie net sonskyn en rosegeur nie. Die spil waarom die kamplewe gedraai het was: ARBEID. En daar IS gewerk, en die werksure was lank. Maar gepaard hiermee het daar 'n arbeids- en kampgees ontwikkel wat slegs diegene wat dit ondervind het, kan begryp.**

**DISSIPLINE was 'n kenmerk van die kamp. Ook arbeidsvreugde; want die kampleuse was: Bodemliefde en Landsdiens; Nasieliefde, Nasiediens!**

### Die Arbeid

Hoofsaak was die pluk van bessies —,,Young berries'', die struike waarvan ongeveer vyf voet hoog opgelei is, en ontsaglike groot lande beslaan. Elke arbeider het gemiddeld 140 lb. per dag gepluk—en dan nog het dit moeilik gegaan om voor te bly!

'n Belangrike taak was ook om groot swerms spreeus van die land weg te hou. Dit het 'n hele ploeg die dag lank aan die werk gehou, Sondae ingeslote.

Verder moes die landerye geskoffel word, en is daar ook 'n begin gemaak met grond-erosiewerk.

Behalwe hierdie normale plaaswerk, is natuurlik heelwat arbeid bestee aan die inrigting van die kampterrein self, en moes vyf kampers elke dag die kookbeurte waarneem.

### Die A.K.G. se Besoek

'n Hoogtepunt het die kamp bereik toe die Ass.-Komdt.-Genl., Mnr. J. A. Smith, besoek kom aflê het. Na 'n mooi kampvuur, toe die A.K.G. met sy boeiende staaltjies die kampers teruggevoer het na die dae van die Engelse Oorlog, het die Generaal die nag in die kamp deurgebring.

Ander belangstellendes wat die kamp met besoeke vereer het, was Genl. S. J. Pretorius, Dr. en Mev. W. A. Joubert, wat ook waardevolle hulp verleen het met die organisasie, Prof. en Mev. J. A. Wiid, Prof. B. van Eeden, Dr. D. G. Franzsen, Mnr. C. A. van der Merwe, Dr. F. Language, Dr. P. Coertse, e.a.

### Sondae

Die kampers was ook baie dankbaar om Ds. J. F. Mentz en Eerw. Rode, wat die Sondagdienste kom waarneem het, op die kamp te verwelkom.

### Hoofkomdt. Willie Marsh en Genl. Jurgens Schoeman

Aan hierdie twee bekende O.B.-offisiere en A.N.S.-vriende wil ons hiermee ons hartlike dank oorbring. Oom Willie Marsh het die kamp se wasgoed gratis in die Paarlse Stoomwassery laat doen, terwyl Genl. Schoeman 'n heerlike vaatjie likeur-wyn as 'n geskenk aan die kamp gestuur het.

### 'n Dag in die Kamp

### Wat daar Gedoen Word

Om kwart-oor-ses, as dit begin lig word, word die hele kamp gewek deur die opstaan-beuel. Binne enkele minute is almal op die been om te gaan was. 'n Halfuur later blaas die beuel ,,Aantree!'', en elke kamper neem sy plek in op die paradegrond vir die vlaghysing—twee kêrels neem die ander vlae by die ingang waar. Weer blaas die beuel, 'n dubbele slag op die groot tamboer volg, parade kom op saluut by die sing van Die Stem, en dan word, onderwyl die tamboere rommel, die vlag stadig gehys.

Onmiddellik neem een van die kampers die oggend-godsdiens waar. Dan word die ,,Lied van Jong S.A.'' gesing en kry die parade die bevel. Verdaag! Die bevelvoerende offisier neem die saluut.

Na 'n vroeë koppie koffie tree die ses ploeë in gelid aan op die paradegrond; die Arbeidskaptein deel die werk vir die dag uit, en op die bevel laat elke ploegbaas om die beurt sy ploeg afmarseer na die lande. Dit is nou half-sewe, en die dagtaak het begin. Om half-nege is dit ontbyt. Om 9.15 weer fluks aan die werk, nadat die kamp in orde gebring is en kampinspeksie plaasgevind het.

Dit is al byna een-uur. Uit die kamp hoor jy in die verte die beuel uitskeityd aankondig, en nie te lank nie of naderende sang kondig die terugkeer van die verskillende ploeë na die kamp aan. Op die maat van 'n flinke marslied (in sommige gevalle self gekomponeer, want die wedywering tussen die ploeë is skerp) kom 'n ploeg die kamp binne gestap, netjies in gelid; ,,Oë links!'' kom die bevel, en die ploeg salueer flink die vlag voor die Hoofkwartier; op 'n verdere bevel klap die hakke en verdaag die ploeg. Die flinkheid en die sang maak 'n sterk indruk van geesdrif en vreugde in die arbeid.

As almal terug is (behalwe een span wat spreeus jaag totdat hul afgelos word), klink die etensbeuel. Haastig word daar toegestaan by die kombuis, die seën word gevra, en onder die groot eikeboom word ywerig weggelê aan die smaaklike kos van die veldkombuis.

Tot drie-uur is dit rustyd in die kamp. Daarna word met die gewone prosedure 'n begin gemaak met die middag-skof, wat tot ses-uur duur. Nou skei almal uit om te gaan swem in die pragtige swemgat in die rivier waarheen Wallie Wahl en sy span al somaar die eerste dag 'n pad deur die digte bosse gekap het.

Om 7.15 is almal weer terug in die kamp. Met min of meer dieselfde prosedure as in die oggend word die vlagstryking op die paradegrond afgehandel, want die son sak al agter die berge.

Almal is doodmoeg van 'n harde dag se werk. Daarom smaak die aandete dubbel lekker. Direk daarna, terwyl die kampers hulself in gereedheid bring vir die kampvuur, tree twee wagte met grawe op die skouers flink aan voor die H.K.-tent, waar hul stelling inneem terwyl die daaglikse offisiersvergadering binne gehou word. Die Kampkomdt. ontvang nou van al sy offisiere verslag van die dag se gebeure.

Teen hierdie tyd brand die kampvuur al, en in 'n kring rondom gooi die moeë arbeiders hul komberse oop. Dit is nou die uurtjie wanneer die kamp ontspan. Eers word daar 'n bietjie gesing; soms vind die dirigent sy taak maar moeilik, want almal is doodmoeg. Maar dan skrik die kampvuur weer wakker as die waterdraers uit die verte met 'n uittartende liedjie nadergemarsjeer kom.

Môreaand is dit die groot stofskop, wanneer die ploeë met mekaar om die kampvuur moet wedywer. Vanaand is Koos Meyer aan die woord: hy vertel op sy unieke wyse hoe die K.W.V. afgebrand het, en voeg so terloops daarby dat sy ploeg (die Bloublaaie) eerste op die toneel was om die vuur te blus.

Nadat die Kommandant aan 'n geïnteresseerde kampvuurkring die jongste toespraak van die K.G. voorgelees het, kom die kampvuur tot 'n einde. Die dagbevele word voorgelees, en dan sluit die Kampvader die verrigtinge af met aandgodsdiens. Na 'n aantal slaapliedjies om die vuur gaan almal na hul tente. Eenkant staan die manskoor nog vir oulaas en sing. Maar na presies 'n kwartier (om 10.15) blaas die beuel ,,Goeienag''. Dadelik word alle ligte uitgedoof behalwe in die H.K.-tent, waar die Kampkomdt. nog die degbevele vir die volgende dag opstrek.

Dwarsdeur die nag maak die wagte, met pikstele gewapen, in skofte van twee uur twee-twee hul rondtes om die kamp.




*'n Dame besig om die kamp-kombuis skoon te maak.*


**Maties!!**

*Die* **C.S.V.-Boekhandel**

wens U 'n aangename vakansie toe, asook 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

Verder wens ons u te bedank vir u ondersteuning, gedurende die afgelope jaar. Ons vertrou dat ons ook aanstaande jaar vir U van diens sal kan wees. Indien U nie na Stellenbosch terugkeer nie, sal ons ook nog steeds tot U diens wees. Skryf aan ons vir enigiets wat U mag nodig kry.

**C.S.V.-BOEKHANDEL,**

**STELLENBOSCH.**

**Darters**

Pleinstraat, Stellenbosch

*Vir waarde in*

*Boeke, Skryfbehoeftes, Musiek, Musiekinstrumente en Kunsmateriaal* ens

**Ons is ook Fabriek-Distribueerders vir die beroemde ,,*HIS MASTER'S VOICE*''. Rsdio's en Radiogrammofone.**

*Studente!*

**Wees ekonomies en gaan versigtig te werk.**

●

**Laat**

**J. B. COETZEE**

**u volgende pak klere of kleurbaadjie maak.**

●

**AGENT VIR NANNUCCI DROOG SKOONMAKERS.**

●

***Andringastraat.***

***Vir alle Skoenreperasies is***

**LUBBE**

***tot U Diens.***

**Netheid gewaarborg**

***Daar's 'n Rede***

**Die knapste Student kry die beste pos.**

**Die beste Drukwerk trek die meeste aandag.**

**Ons is bekend vir kwaliteit drukwerk teen konkurrerende pryse.**

**Pro Ecclesia-Drukkery.**

**Die Laan, Stellenbosch.**

**Alfred Blommaert,**

—o—

**(Foon 48 en 176)**

**Kerkstraat,**

**STELLENBOSCH.**

KRUIDENIERSWARE

- - YSTERWARE - -

- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

*DAMES*

**Wat ons nie het nie, kry ons.**

**Wat ons nie kan kry nie, maak ons.**

***PROBEER***

*Tant Mita*

**se**

*Modewinkel*